




Wanneer water in vloeistofvorm  
genoeg verhit word, verander  
dit na 'n gas.



Wanneer waterdamp hitte verloor,  
kondenseer dit om druppels water te  
vorm.

## Veiligheid



Stoom is baie warm en  
kan jou brand. Moet nooit  
jou hand oor kokende  
water hou nie.

### AKTIWITEIT 3 **Neem verdamping en kondensasie waar**

**Jy benodig:** twee pierings; 'n stukkie kleefplastiek;  
water

### Metode

1. Gooi 'n bietjie water in albei pierings.
2. Bedek een piering deeglik met kleefplastiek.
3. Los die pierings vir een dag op 'n warm plek.
4. Neem die pierings waar en beantwoord dan die volgende vrae:
  - a. Is die hoeveelheid water in die pierings nog dieselfde?
  - b. Hoe verskil die toegemaakte piering van die oop piering?
5. Gebruik die woorde hieronder om die sinne te voltooi:

**hitte | waterdamp | waterdruppels | gekondenseer | verdamp**

- a. Die water in die oop piering het \_\_\_\_\_  
bygekry en \_\_\_\_\_ om \_\_\_\_\_ te vorm.
- b. In die toegemaakte piering het die waterdamp  
afgekoel en \_\_\_\_\_ om \_\_\_\_\_ op die  
kleefplastiek te vorm.